# 16 Februarie 2024 - Lesing 239 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

God probeer wederliefde wek – 20/11/61

**NO: 8043** Die duisternis, wat oor die aarde versprei lê, is waarlik groot en daarom neem die sondigheid van die mense ook toe, hoe nader die einde kom.

En steeds probeer My Liefde aan die mense lig te bring, want al het julle ook nog so diep gesink, al is julle ook nog so ver van My verwyder, My erbarmende Liefde ken die verskriklike lot wat vir julle almal weggelê is, vir die wat nie vóór die einde die terugweg na My gevind het nie, wat nie die weg van terugkeer aanvaar het voordat die einde gaan aanbreek nie.

Ek ken die mag van die teenstander, waaraan die mense ten prooi val. Ek is op hoogte van hul swakhede en willoosheid, Ek moet hulle wil vryheid gee en Ek sien hoe hulle ononderbroke op die afgrond afstuur; **dat hulle weer vir eindelose tye gekluister gaan word in die skepping**. En hulle lot boesem by My medelye in, sodat My Liefde elke afsonderlike siel tot aan die einde volg en haar nog probeer wen.

Maar Ek weet ook, dat elke siel eens na die lig sal kom, al neem dit ook ewighede. My Liefde vir My skepsele is opermagtig en Sy sal daarom ook niks onbeproef laat, om die ongelukkige toestand vir hulle te verkort nie, om hulle uit die hande van My teenstander te ontruk nie, omdat Ek as 'n Vader besorg is oor My kinders en hulle alle leed sou wil bespaar, omdat Ek hulle geluksaligheid in oorvloed sou wil besorg.

Maar My hoogs volmaakte Wese sal steeds werksaam wees **in die wetlike ordening** en so kan 'n wese nooit geluksaligheid geniet, wat homself bewustelik teen My verset, wat nie **vrywillig** nader aan My kom nie, maar daarenteen volhard in sy teenstand, wat hom eens die duisternis opgelewer het en die groot afstand na My beteken.

Ek kan so 'n wese nie gelukkig maak nie, maar **Ek ontneem hom nie My Liefde nie.** Inteendeel, Ek agtervolg hom met My Liefde. Ek probeer My aan hom as 'n God van Liefde voor te hou, sodat dit hom maklik kan geval om My Liefde te beantwoord en sodat alle gevaar om verlore te gaan, besweer is.

**Liefde wek wederliefde**. Verwag of hoop Ek nou liefde van My skepsele, wat as mens oor die aarde gaan, dan moet Ek My eers aan hulle as 'n God van Liefde bewys, in Wie hulle nou vertroue kan kry en aan Hom wederliefde skenk. Wil Ek liefde van My skepsele ontvang, dan moet hulle ook weet van My Liefde vir hulle, ofskoon dit dikwels moeilik is om die mense te oortuig van die Liefde van hul God en Skepper, Wie hul Vader wil wees tot in alle ewigheid.

Maar Ek wil die harte van My kinders wen en dit veronderstel, dat hulle My leer sal herken; dit veronderstel dat Ek hulle sal help, wanneer hulle in nood is en hulself tot My wend vir My bystand. Die mense moet Liefde voel van my kant af, wat dan **wederliefde opwek**.

Maar baie dikwels is hulle nie in staat om My Liefde te herken nie, **omdat hul geestestoestand nog baie verduister is as gevolg van hul eie liefdeloosheid** en dan moet hulle opheldering gegee word in alle waarheid, maar steeds op 'n manier, dat My Liefde beklemtoon word, maar nie My geregtigheid nie.

Deur te dreig met straf word hulle nie op die pad van liefde gelei nie; **eerder vrees hulle My net**, wanneer hulle al aan 'n God glo, Wie alle mag het oor hemel en aarde.

As julle egter tog daarin slaag, deur die bring van die waarheid om aan hulle 'n liefdevolle God verstaanbaar te maak, Wie se middele maar net verstaan moet word, as die verband volgens waarheid duidelik aan hulle gemaak word, as My Liefde vir alle mense steeds na vore gebring word, dan is dit ook moontlik, dat hulle hul harte in liefde sal rig op My en dan sal hulle vrywillig doen wat My Wil is en dan het Ek hul liefde al gewen **en hul terugkeer na My is dan verseker**.

En daarom sal Ek nooit ophou om vir die liefde van My skepsele te werk nie, want gedwonge is hulle nie te wen nie en dus moet ook al My toespreking in alle liefde op julle mense gerig wees wat Ek wil bereik, dat hulle na My sal luister en oor al My woorde in alle erns sal nadink.

Want wat in liefde aangebied word, sal ook eerder die aandag trek. **Harde, toornige woorde** daarenteen - selfs as dit geregverdig sou wees **- sal geen liefde wek nie,** eerder 'n herneude wil om af te weer tot gevolg hê en dan het Ek niks gewen nie.

**My evangelie van liefde moet versprei word in die hele wêreld** en waar dit gebeur in onbaatsugtige liefde, sal dit waarlik ook nie sonder gevolg bly nie. Maar word daar vrees vir straf in die mense gewek, dan sal die verandering tot liefde onseker bly. 'n Mens kan dan wel sy bes doen om korrek te handel, maar 'n werksaamheid in liefde in vrye wil is nie sy lewenswandel nie. **Slegs die liefde bring vir My die skepsele as My kinders terug**, wat eens vrywillig van My weggegaan het.

Ek probeer om die liefde van hierdie skepsele van My te wen en probeer steeds net om My as 'n God van Liefde, as Vader, Myself aan hulle te openbaar. **En Ek maak hulle daarom opmerksaam op die gevolge van 'n liefdelose lewenswandel**, dat hulle daaroor sal nadink en hulself rekenskap sal gee in hoeverre hulle My gebooie van liefde nakom.

Want kennis van My gebooie van liefde moet hulle besit, dit moet aan hulle oorgedra word, **maar onder dwang kan die vervulling daarvan nie bereik word nie**.

My Liefde sal vir ewig aan julle, My skepsele, toebehoort en Sy sal nie rus alvorens julle weer na My teruggekeer het nie, totdat julle ook My Liefde sal beantwoord en dan ook die aaneensluiting met My weer tot stand sal bring, wat tot die ewige geluksaligheid behoort. Amein.